

# *Op die Regte Plek op die Regte Tyd*

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B168 Eng/Afr.

Kernvers: 43 – ‘Gelukkig is daardie dienskneg vir wie sy heer, as hy kom, só besig sal vind’.

Geliefdes, my boodskap vandag is oor Waaksaamheid: in hierdie gelykenis stel Jesus iets baie eenvoudig voor nl. dat as die huisheer kon weet wanneer die dief sou inbreek, hy hom sou voorgelê het. Hy sou nie toegelaat het dat die dief in sy huis inbreek nie – m.a.w. hy sou te alle tye waaksaam moes wees.

Daar is baie tekens wat dui op die koms van Jesus; Hy was baie goed vir ons gewees sodat nie een van ons ‘n verskoning sal hê dat ons nie geweet het nie. Selfs in die natuur is daar tekens dat die koms van Jesus naby is.

Mag ons op die regte plek op die regte tyd wees wanneer Jesus kom. Is u op die regte plek? Is u reg met God, is u reg met u medemens, is u reg ingestel en met Sy Woord? Is u reg vir ‘n tyd soos hierdie? Is u besig om die werk van die Here te doen? En daarby bedoel ek nie dat ons almal predikers moet wees nie, maar die Here het ons almal geroep om in ‘n tyd soos hierdie besig te wees om Sy wil te doen, ons heupe omgord en ons lampe aan die brand.

En julle moet wees soos mense wat hulle Heer verwag, en as hy van die bruilof af terugkom, julle dadelik vir hom kan oopmaak. As daardie diensknegte nie op hulle pos is wanneer die huisheer kom nie, wat ‘n verskriklike geskarrel sal dit nie wees nie? Dalk is hulle aan die slaap, miskien nie eers aangetrek nie en hier klop die heer – hulle moet dadelik oopmaak as hy kom.

Maar wat ‘n verskriklike toestand as hulle nie gereed is nie...